



Testpapers.co.za

Past exam papers

Summaries

Study Guides

PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2024
GRAAD 10

REKENINGKUNDE

TYD: 2½ uur

PUNTE: 200

10 bladsye ingesluit 'n formuleblad + 'n antwoordboek van 11 bladsye

INSTRUKSIES

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin al die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
4. Waar van toepassing moet berekeninge afgerond word tot die naaste rand. Alle ander berekeninge tot een desimale punt.
5. Lees die instruksies van elke vraag deeglik deur en volg dit noukeurig.
7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Alle antwoorde moet in swart of blou ink geskryf word.
9. Gebruik die inligting in die tabel as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd
1	Konsepte en Analise van Transaksies	45	35 minute
2	Algemene Grootboek	50	40 minute
3	Algemene Joernaal	30	20 minute
4	Krediteure rekonsiliasie	35	25 minute
5	Konsepte en salarisse	40	30 minute
	Totaal	200	150 minute

VRAAG 1: KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES (45 punte: 35 minute)

1.1 KONSEPTE

Pas die beginsel in Kolom A by die voorbeeld in Kolom B wat dit die beste beskryf. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) in jou ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Vaste deposito	A	'n Klein kontantbedrag wat in 'n toesluitbare "geldkassie" gehou word om klein betalings te maak.
1.1.2	Interne kontroles	B	'n Fasiliteit wat goedgekeur word deur die bank om fondse te leen. Die fondse geleen is verskuldig aan die bank.
1.1.3	Kleinkas	C	Geld wat belê word by 'n finansiële instelling vir 'n spesifieke tydperk.
1.1.4	Oortrokke bankrekening	D	Kontant wat in die kasregister gehou word.
		E	Maatreëls wat in plek gesit word om te verseker dat die besigheid glad verloop.

(4)

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Ontleed die volgende transaksies volgens die opskrifte voorsien in die ANTWOORDBOEK. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 75% op kosprys. (41)

Aanvaar dat die Bank 'n gunstige saldo het vir al die transaksies.

Voorbeeld: Betaal R10 000 per EFO aan Croxly Handelaars vir die voorraad aangekoop.

TRANSAKSIES:

- 1.2.1 Verkoop goedere op krediet, die kosprys was R700.
- 1.2.2 SQ Bank deponeer R50 000 in die bankrekening volgens die leningsooreenkoms.
- 1.2.3 'n Debietnota is uitgereik vir beskadigde goedere ter waarde van R2 100, wat teruggestuur is na die handelaar, Waltons.
- 1.2.4 Die eienaar betaal R1 800 aan Atlantis klub vir sy dogter se swemlesse.
- 1.2.5 'n Kwitansie is uitgereik aan D. Viljoen vir die vereffening van sy rekening van R7 200. 'n Vereffeningskorting van 2,5% is aan hom toegestaan.
- 1.2.6 Die Mei bankstaat ontvang van PNB Bank toon die volgende:
 - EFO fooie – R170
 - Kredietkaartheffings – R80
 - Diensfooie – R90

VRAAG 2: ALGEMENE GROOTBOEK

(50 Punte: 40 minute)

DIE SPORTWINKEL

Die Sportwinkel word besit deur Phil Rodri. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 60% op kosprys.

GEVRA:

- 2.1 Voltooi die volgende rekeninge vir die maand, Maart 2024, in die algemene grootboek van Die Sportwinkel.
 - 2.1.1 Debiteurekontrole (17)
 - 2.1.2 Handelsvoorraad (21)
- 2.2 Phil Rodri glo dat die debiteure invorderings kan verbeter. Lys **DRIE** maniere waarop debiteure aangemoedig kan word om hul rekeninge tydig te vereffen. (6)
- 2.3 Phil Rodri is bekommerd oor die stadige koers waarteen voorraad verkoop word. Hy het jou gevra om hom te adviseer oor hoe die besigheid kan verseker dat voorraad vinniger verkoop word. Bespreek **DRIE** maatreëls wat hy kan implementeer. (6)

INLIGTING:

- A Saldo's op 01 Maart 2024;
 - Debiteurekontrole R156 000
 - Handelsvoorraad R534 000
- B Kredietfakture uitgereik aan debiteure vir die maand, Maart 2024, R409 600.
- C Handelsvoorraad kontant aangekoop gedurende Maart 2024, R613 000 voor handelskortings van R13 000 ontvang is.
- D Fakture ontvang vanaf verskaffers vir goedere vir Maart 2024, beloop R351 800.
- E Sommige debiteure is nie gelukkig met die goedere wat aan hulle gelewer is nie. 2% van debiteure aan wie op krediet verkoop is gedurende Maart, het hul voorraad teruggestuur.
- F Beskadigde goedere teruggestuur aan verskaffers gedurende Maart beloop R29 000.
- G Die kosprys van kontantverkope in Maart beloop R418 000.
- H Gedurende Maartmaand, is besluit om 5% van die beginsaldo van debiteurekontrole as oninbaar af te skryf.
- I Ontvangstes van Debiteure vir Maart, R396 000, na toestaan van 1 % korting.

- J** Rente van R5 200 is gehef op sekere debiteure a.g.v. laat betalings.
- K** Die eienaar het donasies gemaak ter waarde van R15 000 vir die maand. R4 000 was kontant en R11 000 was handelsvoorraad.

50

VRAAG 3: ALGEMENE JOERNAAL

(30 punte; 20 minute)

Die inligting voorsien is geneem uit die rekeningkundige rekords van Essack Handelaars op 30 April 2024. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 100% op kosprys.

GEVRA:

- 3.1** Joernaliseer die transaksies hieronder gelys in die algemene joernaal van Essack Handelaars op 30 April 2024. (30)

NOTA: Voorlopige totale is reeds ingesluit op die ANTWOORDBOEK. Redes word nie vereis nie.

INLIGTING:

- A** Die dak van die gebou is herstel vir R32 000. Die bedrag is foutiewelik in die Grond en Geboue rekening geboekstaaf.
- B** Die eienaar het 'n splinternuwe afleweringsvoertuig ter waarde van R500 000 tot die besigheid bygedra.
- C** F. Patel skuld Essack Handelaars R5 100. Haar insolvente boedel betaal 20 sent uit elke rand. Dit is geboekstaaf. Skryf die oorblywende skuld af.
- D** Hef rente teen 8% per jaar vir drie maande op die agterstallige rekening van M. de Villiers. Sy huidige rekening se saldo is R4 000.
- E** 'n Kredietnota uitgereik aan 'n debiteur, H. Lwazi vir R280 is foutiewelik oorgeboek na die rekening van 'n krediteur, Mlwazi Groothandelaars.
- F** 'n Kredietnota uitgereik aan J. Ndlovu, 'n debiteur, vir goedere deur hom teruggestuur, ter waarde van R1 700, is geboekstaaf en as 'n faktuur na sy rekening in die debiteure grootboek oorgeboek. Stel die fout reg.

30

VRAAG 4: KREDITEURE REKONSILIASIE

(35 punte: 25 minute)

CHERNOBYL GROOTHANDELAARS

Die volgende inligting rakende Chernobyl Groothandelaars is verskaf. Die krediteurekontrolerekening en die Krediteurelys van Sharks Handelaars is opgestel deur 'n onervare boekhouer.

GEVRA:

4.1 Rekonsilieer die Krediteurekontrolerekening met die Krediteurelys vir die maand April 2024. (33)

4.2 Die eienaar is bekommerd oor die verskaffing van goedere deur Buthelezi Uitvoerders a.g.v. fluktuasies in die wisselkoers. Hy wil 'n plaaslike verskaffer gebruik. Lys **TWEE** oorwegings voor hy van verskaffer verander. (2)

INLIGTING A:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN CHERNOBYL GROOTHANDELAARS

KREDITEUREKONTROLE					B7				
2024 April	31	Bank en korting ontvang	KBJ	192 700	2024 April	01	Saldo	a/b	225 000
		Krediteure kontrole	KAJ	21 000		31	Krediteure kontrole	KJ	197 000
		Joernaal Debiete	AJ	1 200			Joernaal Krediete	AJ	3 100
		Saldo	o/b	271 700					
				425 100					425 100
					2024 Mei	01	Saldo	a/b	271 700

INLIGTING B:

KREDITEURELYS OP 30 April 2024

Mohamed Verskaffers	(11 200)
Khambule Handelaars	86 400
Reddy & Seuns	56 900
Buthelezi Uitvoerders	61 500
Totaal	193 600

FOUTE EN WEGLATINGS

- i** Die beginsaldo is oorstateer met R29 000.
- ii** Goedere wat teruggestuur is aan Buthelezi Uitvoerdere ter waarde van R7 700 is as korrek geboekstaaf in die hulpjoernaal maar foutiewelik na die rekening van Mohamed Verskaffers oorgeboek.
- iii** Dra die debietsaldo in die rekening van Mohamed Verskaffers in die krediteuregrootboek oor na haar rekening in die debiteuregrootboek.
- iv** 'n Kredietfaktuur vir R16 400 uitgereik deur Reddy & Seuns is nie geboekstaaf nie.
- v** Die rekenmeester het vergeet om die bedrag verskuldig aan Khambule Handelaars aan die einde van Maart te betaal. Khambule Handelaars het rente teen 5% per jaar vir die maand, April, gehef op Chernobyl Groothandelaars.
- vi** Handelsvoorraad van R6 200 wat aangekoop is vanaf Buthelezi Uitvoerdere is korrek in die krediteur se rekening geboekstaaf maar is foutiewelik in die krediteure afslagjoernaal aangeteken.
- vii** 'n betaling van R9 500 is gemaak voor die datum betaalbaar aan Buthelezi Uitvoerdere en is korrek geboekstaaf in die hulpjoernaal en so oorgeboek. Die rekenmeester het egter nie die korting van 2% vir vroegtydige betaling geboekstaaf nie.

VRAAG 5: KONSEPTE EN SALARISSE

(40 punte: 30 minute)

5.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is. Skryf slegs 'Waar' of 'Vals' langs die nommers (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer. (4)

5.1.1 Netto salaris is die salaris betaal aan werknemers na aftrekkings.

5.1.2 Volgens die Suid-Afrikaanse Arbeidswetgewing, word slegs van werknemers vereis om WVF te betaal.

5.1.3 LBS moet aan die Departement van Arbeid oorbetal word.

5.1.4 Die akroniem VOH staan vir Vaardigheidsontwikkelingsheffing.

5.2 SALARISSKAAL

COETZEE SE GROOTHANDELAAR

Me. Warren is onlangs indiens geneem deur Coetzee se Groothandelaars en het die volgende salarisskaal ontvang

135 000 x 14 640 – 178 920 x 16 920 – 229 680
--

5.2.1 Bepaal Me. Warren se maandelikse salaris in haar eerste jaar van indiensneming? (2)

5.2.2 Wat sal haar jaarlikse salaris gedurende die derde jaar van haar indiensneming wees? (4)

5.2.3 Bereken die persentasie styging in haar maandelikse salaris in haar sesde jaar van indiensneming. (4)

5.3 SALARISJOERNAAL

DAVID SE SUPERMARK

Raymond David besit 'n medium grootte supermark wat geleë is in 'n woongebied. Hy het twee werkers in diens, wat verskillende salarisse verdien.

GEVRA:

5.3.1 Voltooi die salarisjoernaal vir die maand Maart 2024. (22)

5.3.2 Die eienaar het besluit dat hy nie die geld wat ingesamel is vir LBS dié maand gaan oorbetal nie omdat hy kontant nodig het en 'n dubbelbetaling die volgende maand sou maak.

- Adviseer Mnr. David's teen die besluit en voorsien **EEN** gevolg vir die aksie. (4)

INLIGTING:

Die boekhouer van David's Supermark het vergeet om enkele besonderhede van een van sy werknemers, V. Radebe se salaris in die salarisjoernaal vir Maart 2024 te boekstaaf.

V.Radebe se indiensnemingskontrak sluit die volgende in:

AFTREKKINGS:

- Bruto salaris van R19 000 per maand
- LBS - 18% van bruto salaris
- Mediese fonds van R850 per maand
- Pensioenfonds -8% van bruto salaris
- WVF - 1% van bruto salaris

WERKGEWERSBYDRAES:

- Mediese fonds – R2 vir elke R1 bygedra deur V. Radebe
- Pensioenfonds – ? van bruto salaris
- WVF – 1% van bruto salaris

40

TOTAAL: 200

EINDE

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD
--

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$

$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$

$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
--

$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
--

Bedryfsbates : Bedryfslaste

(Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste

(Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste

$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$
--

Totale bates: Totale laste



Testpapers.co.za

[Past exam papers](#)[Summaries](#)[Study Guides](#)

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2024

GRAAD 10

REKENINGKUNDE
ANTWOORDBOEK

11 bladsye

NAAM VAN SKOOL: _____

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	TOTALE PUNTE	PUNTE VERWERF	GEMODEREERDE PUNTE
1	45		
2	50		
3	30		
4	35		
5	40		
TOTAAL	200		

VRAAG 1: KONSEPTE EN ANALISE VAN TRANSAKSIES

1.1 KONSEPTE

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	

4

1.2 ANALISE VAN TRANSAKSIES

NR.	HULPJOERNALE	ALGEMENE GROOTBOEK		BEDRAG	EFFEK OP VERGELYKING		
		REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER		B	E	L
v.b.	Kontantbetalingsjoernaal	Handelsvoorraad	Bank	10 000	+/-	0	0
1.2.1							
1.2.2				50 000			
1.2.3	Krediteure-afslagjoernaal			2 100			
1.2.4				1 800			
1.2.5	Kontantontvangstejoernaal						
1.2.6	Kontantbetalingsjoernaal						

	41

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 2: ALGEMENE GROOTBOEK

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DIE SPORTWINKEL

2.1.1

DEBITEUREKONTROLE

B3

17

2.1.2

HANDELSVOORRAAD

B5

21

2.2	Lys DRIE maniere waarmee debiteure aangemoedig kan word om hul rekeninge vroeër te betaal.

6

2.3	Bespreek DRIE maatreëls wat geïmplementeer kan word om voorraad heelwat vinniger te verkoop.

6

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3

3.1 ALGEMENE JOERNAAL (Redes vir joernale word nie vereis nie)

ALGEMENE JOERNAAL VAN ESSACKS HANDELAARS OP 30 APRIL 2024							
	Besonderhede	Debiet	Krediet	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
				Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
30				420	230	105	90
A							
B							
C							
D							
E							
F							

TOTALE PUNTE

30

VRAAG 4: KREDITEUREVERSOENING

4.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN CHERNOBYL GROOTHANDELAARS

KREDITEUREKONTROLE

B7

19

KREDITEURELYS OP 31 OKTOBER 2023

Mohamed Verskaffers (-11 200	
Khambule Handelaars (86 400	
Reddy & Sons (56 900	
Buthelezi Uitvoerders (61 500	
Totaal	

14

4.2	Lys TWEE oorwegings wat in ag geneem moet voor die besigheid van verskaffer verander.

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 5: KONSEPTE EN SALARISSE

5.1 KONSEPTE

5.1.1	
5.1.2	
5.1.3	
5.1.4	

4

5.2.1	Bereken Me. Cooper se maandelikse salaris in haar eerste jaar van indiensneming.

2

5.2.2	Wat sal haar jaarlikse salaris in die derde jaar van indiensneming wees?

4

5.2.3	Bereken die persentasie styging in haar maandelikse salaris in haar sesde jaar van indiensneming.

4

5.3 SALARISJOERNAAL

SALARISJOERNAAL VAN DAVID SE SUPERMARK OP 31 MAART 2024						
Werknemer	Bruto salaris	AFTREKKINGS				Netto salaris
		LBS	Mediese fonds	Pensioen fonds	WVF	
T. Pillay	15 000	2 250	625	1 200	150	10 775
V. Radebe						
TOTALE						

WERKGEWERBYDRAES				
Werknemer	Mediese fonds	Pensioenfonds	WVF	VOF
T. Pillay	938	750	150	150
V. Radebe				
TOTALE				

5.3.2	Die eienaar het besluit dat hy nie die geld wat ingesamel is as LBS vir dié maand sou oorbetaal nie omdat hy die kontant benodig en 'n dubbelbetaling sou maak in die volgende maand. Adviseer mnr. Davids teen die besluit deur die gevolge van hierdie aksie te verduidelik.
	Gevolge:

4

TOTALE PUNTE

40

TOTAAL: 200

EINDE



Testpapers.co.za

[Past exam papers](#)[Summaries](#)[Study Guides](#)

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2024

GRAAD 10

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE

11 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde item-strafpunte vir misplaaste items nie.) Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord verkeerd is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien 'n + of – teken of 'n hakie nie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees of soos per nasienriglyne.
9. Waar metode punte toegeken word vir bewerking, moet die redelikheid van die antwoord nagegaan word.
10. Met die toekenning van metode punte moet seker gemaak word dat kandidate nie volpunte kry vir enige items wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik.
11. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe bied buite die memorandum.
12. Kodes: F = vreemde items; P = plasing/aanbieding.

VRAAG 1: KONSEPTE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES**1.1 KONSEPTE**

1.1.1	C ✓
1.1.2	E ✓
1.1.3	A ✓
1.1.4	B ✓

4

NASIENRIGLYNE	REKENINGKUNDE GRAAD 10
---------------	---------------------------

1.2 ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

NO.	HULPJOERNAAL	ALGEMENE GROOTBOEK		BEDRAG	EFFEK OP VERGELYKING		
		REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER		B	E	L
v.b.	Kontantbetalingsjoernaal	Handelsvoorraad	Bank	10 000	+/-	0	0
1.2.1	Debiteurejoernaal ✓	Debiteurekontrole ✓	Verkope ✓	1 225 ✓✓	+	✓	0
		Koste van verkope ✓	Handelsvoorraad ✓	700 ✓	-	✓	0
1.2.2	Kontantontvangstejoernaal ✓	Bank ✓	Lening: SQ Bank ✓	50 000	+	✓	0
1.2.3	Krediteure afslagjoernaal	Krediteurekontrole ✓	Handelsvoorraad ✓	2 100	-	✓	0
1.2.4	Kontantbetalingsjoernaal ✓	Onttrekkings ✓	Bank ✓	1 800	-	✓	0
1.2.5	Kontantontvangstejoernaal	Bank ✓	Debiteurekontrole ✓	7 020 ☒	+/-	✓	0
		Korting toegestaan ✓	Debiteurekontrole ✓	180 ✓✓	-	✓	0
1.2.6	Kontantbetalingsjoernaal	Bankkoste ✓	Bank ✓	340 ✓	-	✓	0

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 2: ALGEMENE GROOTBOEK
ALGEMENE GROOTBOEK VAN DIE SPORTWINKEL
2.1.1**DEBITEUREKONTROLE****B3**

2024 Maart	01	Saldo	a/b	✓156 000	2024 Maart	31	Debiteure✓ afslag (409 600 x 2 %)	DAJ	✓✓8 192
	31	Verkope ✓	DJ	✓409 600			Bank en korting toegestaan✓ # (396 000 x 100/99) Or (396 000 x 1/99 = 4 000 + 396 000)	KOJ	✓✓✓400 000
		Joernaal debiete/Diverse rekeninge✓	AJ	✓ 5 200			Joernale krediete/diverse rekeninge ✓ (156 000 x 5%)	AJ	✓✓7 800
							Saldo	o/b	154 808
				570 800					570 800
2024 Apr	01	Saldo	a/b	✓154 808					

1 punt indien alle folionommer aangedui is

kan verdeel word in 1 punt vir R4 000 en 2 punte vir R396 000

17

2.1.2**HANDELSVOORRAAD****B5**

2024 Maart	01	Saldo	a/b	✓534 000	2024 Maart	31	Koste van verkope ✓	DJ	✓✓ 256 000
	31	Bank ✓	KBJ	✓✓600 000			Krediteure kontrole ✓	KAJ	✓29 000
		Krediteure kontrole ✓	KJ	✓351 800			Koste van verkope ✓	KOJ	✓418 000
		Koste van verkope ✓ Sien debiteure afslag hierbo x 100/160	DAJ	✓✓ 2 925			Donasies ✓	AJ	✓✓11 000
							Saldo	o/b	782 800
				1 485 800					1 485 800
2024 Apr	01	Saldo	a/b	✓782 800					

1 punt vir folionommers aangedui

21

2.2	Lys DRIE maniere waarop debiteure aangemoedig kan word om hul rekeninge vroeër te betaal.
	Enige DRIE geldige antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓ (3 x 2) • Bied tydige vereffeningskorting aan. • Hef rente op debiteure se agterstallige rekeninge. • Stuur aanmaningsbriewe. • Stuur SMS's. • Oorhandig aan skuldinvorderaars.

6

2.3	Bespreek DRIE maatreëls wat implementeer kan word om voorraad heelwat vinniger te verkoop.
	Enige DRIE geldige antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓ (3 x 2) • Verminder die winsopslag na minder as 60%. • Gebruik periodeverkope waar pryse van stadig bewegende voorraad verminder word. • Adverteer meer om verkope te verhoog.

6

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3

3.1 ALGEMENE JOERNAAL (Redes word nie vereis nie)

ALGEMENE JOERNAAL VAN ESSACKS HANDELAARS OP 30 APRIL 2024							
	Besonderhede	Debiet	Krediet	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
				Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
30	Totale			420	230	105	90
A	Herstelwerk ✓	32 000					
	Grond en geboue ✓		32 000 *✓				
B	Voertuie ✓	500 000					
	Kapitaal ✓		500 000* ✓				
C	Oninbare skuld ✓	4 080*✓✓					
	F. Patel ✓		4 080		4 080☑		
D	M. De Villiers ✓	80 *✓✓		80☑			
	Rente op agterstallige debiteure/rente inkomste ✓		80				
E	Mlwazi Groothandelaars ✓	280				280 ✓	
	H. Lwazi ✓		280 *✓		280 ✓		
F	Debiteure afslag ✓	3 400					
	J. Ndlovu ✓		3 400*✓ ✓		3 400☑		
	* ✓ een punt vir syfer en debiet of krediet kant			2 500☑	7 990 ☑	385 ☑	90✓

TOTALE PUNTE

30

VRAAG 4: KREDITEUREVERSOENING

4.1 ALGEMENE GROOTBOEK VAN CHERNOBYL GROOTHANDELAARS

KREDITEUREKONTROLE

B7

2024 April	31	Bank en korting ontvang (192 700 ✓ + 190 ✓✓)	KBJ	192 890 ☒	2024 April	01	Saldo (225 000 ✓ – 29 000 ✓)	a/b	✓ 196 000
		Krediteure- kontrole (21 000 ✓ – 6 200 ✓)	KAJ	☒ 14 800		31	Krediteurekontrole (197 000 ✓ + 16 400 ✓ + 6 200 ✓)	KJ	☒ 219 600
		Joernaal- debiete	AJ	✓ 1 200			Joernaalkrediete (3 100 ✓ + 3 500 ☒ + 360 ☒ sien Khambule hieronder)	AJ	☒ 6 960
		Saldo	o/b	213 670					
				422 560					422 560
					2024 Mei	01	Saldo	a/b	☒ 213 670

19

KREDITEURELYS OP 31 OKTOBER 2023

Mohamed Verskaffers (–11 200 + 7 700 ✓ + 3 500 ✓✓)	✓ 0
Khambule Handelaars (86 400 + 360 ✓✓)	☒ 86 760
Reddy & Seuns (56 900 + 16 400 ✓)	✓ 73 300
Buthelezi Uitvoerders (61 500 – 7 700 ✓ – 190 ✓✓)	☒ 53 610
Totaal	☒ 213 670

14

4.2	Lys TWEE oorwegings wat in ag geneem moet word voor hy van verskaffer verander.
	Kwaliteit van goedere van die nuwe verskaffer ✓ Betroubaarheid van die verskaffer ✓ Enige relevante antwoord

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 5: KONSEPTE EN SALARISSE

5.1 KONSEPTE

5.1.1	Waar ✓
5.1.2	Vals ✓
5.1.3	Vals ✓
5.1.4	Waar ✓

4

5.2.1	Bereken Me. Cooper se maandelikse salaris in haar eerste jaar van indiensneming.
	$135\,000 \div 12 = 11\,250$ ✓✓

2

5.2.2	Wat sal haar jaarlikse salaris in die derde jaar van indiensneming wees?
	$135\,000 + 14\,640 = 149\,640$ ✓✓ + $14\,640$ ✓ = $164\,280$ ✓

4

5.2.3	Bereken die persentasie styging in haar maandelikse salaris in haar sesde jaar van indiensneming.
	Jaar 6: Maandelikse salaris – R17 730 Jaar 5: Maandelikse salaris – R16 320 % styging: $\frac{17\,730 \checkmark - 16\,320 \checkmark}{16\,320 \checkmark} \times 100$ = 8,6% ✓ OF $\frac{212\,760 \checkmark - 195\,840 \checkmark}{195\,840}$ = 8,6% ✓

4

5.3 SALARISJOERNAAL

SALARISJOERNAAL VAN DAVID SE SUPERMARK OP 31 MAART 2024						
Werknemer	Bruto salaris	AFTREKKINGS			Totale aftrekkings	Netto salaris
		LBS	Mediese fonds	Pensioen fonds		
T. Pillay	15 000	2 250	625	1 200	150	10 775
V. Radebe	19 000 ✓	3 420 ✓	850 ✓	1 520 ✓	190 ✓	13 020 ✓
TOTALE	34 000 ✓	5 670 ✓	1 475 ✓	2 720 ✓	340 ✓	23 795✓

14

WERKGEWERSBYDRAES				
Werknemer	Mediese fonds	Pensioen fonds	WVF	VOF
T. Pillay	938	750	150	150
V. Radebe	1 700 ✓✓	950 ✓✓	190 ✓	190 ✓
TOTALE	2 638 ✓	1 700 ✓	340	340

8

Pensioenfonds: Gebruik T. Pillay- 750/15000 * 100 = 5% 19 000 * 5% = 950

5.3.2	Die eienaar het besluit dat hy nie die geld wat ingesamel is as LBS vir dié maand sou oorbetaal nie omdat hy die kontant benodig en 'n dubbelbetaling sou maak in die volgende maand. Adviseer mnr. Davids teen die besluit deur die gevolge van hierdie aksie te verduidelik.
	Dit is oneties/onwettig want die geld behoort aan SAID en behoort tydig oorbetaal te word. ✓✓ Gevolge: Laat betalingsboetes/heffings sal deur SAID gehef word. ✓✓

4

TOTALE PUNTE
40

TOTAAL: 200